

Aanbiddingsvers:

Daarom is hulle voor die troon van God en dien Hom dag en nag in sy tempel; en Hy wat op die troon sit, sal sy tent oor hulle oopspan. (Openbaring 7:15 AFR1953)

Sing vooraf: Psalm 19:3 (p. 83)

- 3 Hy 't in die wonderbou / van ewige hemelblou / die son se tent gestig.
Dié 's soos 'n bruidegom / wat uit sy slaaptent kom / met glansende gesig.
Hy wandel soos 'n held / blymoedig in die veld / van hoë hemeltranse,
en het sy swaai en spoor / die ganse wêreld oor / wat blink van gloed en glanse.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 45:1, 9 (p. 230)

- 1 My hart, ontroer deur mymering, / sal lieflik van 'n Koning sing.
My tong, deur digvuur aangedryf, / is soos 'n pen wat vaardig skryf.
- 9 O dogter, wat die bruidsroep hoor, / o skoonste, luister, neig jou oor!
Vergeet jou volk, jou eie vlees, / dat jy die Koningsbruid kan wees.

Gebed

- *Doksologie*
- *Aanbidding*
- *Skuldbelydenis*

Vergifnis

- *Dank*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God*
- *Algemene bede*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens*

Amen.

Skrifberyming 7-2:2 (nuut)

- 2 Ek, die Heer van here, / Koningskind van ere, / kom in krag met mag.
Ek, die ster van sterre, / skitterblink van verre: / "Einde van die nag!"
En die Gees en bruid roep uit: / "Jesus, Here, kom in ere! / Kom tog gou, o Here!"

Skriflesing: 2 Kronieke 20:1-23

Teks: 2 Kronieke 20:5-6

Toe gaan Jósafat in die vergadering van Juda en Jerusalem staan, in die huis van die HERE, voor die nuwe voorhof; en hy sê: HERE, God van ons vaders, is U nie God in die hemel nie, en is U nie Heerser oor al die koninkryke van die nasies nie? Ja, in u hand is krag en sterkte, sodat niemand teen U kan standhou nie. (2 Kronieke 20:5-6 AFR1953)

Die kern van hierdie preek is dat enige verbintenis – veral ook ons huwelike – letterlik enige teenstand sal kan oorkom as ons 'n lewende band met die Here het.

In hierdie stuk geskiedenis werk ons met meer as geskiedenis.

- Ons moet onthou dat die volk wat hier optree, die Here se kerkvolk is.
- Hulle is die verteenwoordigers van die kerk in daardie tydvak.
- Die Here noem die kerk sy bruid en sy liggaam!

Hierin lê dus die openbaring van hoe die Here die wat aan Hom behoort, beskerm op maniere wat hulle eie vermoëns ver te bowe gaan.

Kom ons kyk saam na Josafat en sy volk se nood en oorwinning.

Die Bybel vertel – byna ongemerk – iets ontsettend belangriks:

. . . het Jósafat bevrees geword en sy aangesig daarop gerig om die HERE te soek, en hy het oor die hele Juda 'n vasdag uitgeroep. En Juda het byeengekom om van die HERE hulp te soek; selfs uit al die stede van Juda het hulle gekom om die HERE te soek. Toe gaan Jósafat in die vergadering van Juda en Jerusalem staan, in die huis van die HERE, voor die nuwe voorhof; en hy sê: HERE, God van ons vaders, is U nie God in die hemel nie, en is U nie Heerser oor al die koninkryke van die nasies nie? Ja, in u hand is krag en sterkte, sodat niemand teen U kan standhou nie. (2 Kronieke 20:3-6 AFR1953)

'n Vasdag word uitgeroep. Die rede? Twee redes:

- Die eerste is dat die volk hulle voor God kan verootmoedig!
- Die tweede is dat hulle by die HERE hulp in hulle nood kan afsmeek.

Daar was 'n aanslag op die volk.

Natuurlik sal die aanslag kom uit die heidendom – maar dis 'n merkwaardige deel van die heidendom:

- Hulle is almal mense wie se voorouers deel van die korps van gelowiges was!
- In moderne terme sou ons kon sê hulle is kerkmense wat die spoor verloor het en nou teen God veg.

Hierdie mense is:

- Die Ammoniete – wat die nageslag van Lot by sy een dogter is.
- Die Moabiete wat Lot se nasaste by sy ander dogter is.
- Die Meüniete was 'n splintergroep van die Edomiete – Esau se nasate. Dis mos die broer van Jakob wat verwerp is.

Kyk na die geweld en die skielikheid van die soort van bedreiging wat teen die kerk van die Here saamkom:

- Hierdie groot weermag is al by Engedi!
- Dis al sterk op pad na Jerusalem toe!

Wat doen 'n gelowige in sulke tye? Hy gaan reguit na die Here toe.

- Josafat het self 'n geweldige leër.
- Hy vertrou egter nie op hierdie span heldhaftige soldate nie.
- Hy soek die Here op en roep 'n vasdag uit.

Dit is presies wat ons nie sou verwag dat die koning moet doen nie.

- Enige normaaldenkende koning sou dadelik al sy bevelvoerders opgeroep het en gevegsbeplanning gedoen het!
- Hierdie koning doen niks daarvan nie – hy wil met God gaan praat voordat hy iets doen!

Die reaksie van die volk is nogal oorweldigend

- Uit al die stede van Juda het die mense opgetrek – ook die vrouens en kinders!
- In die voorhof, rondom die tempel, kom hulle bymekaar.

Die koning bid daar.

- Hy noem die Here die God van die vaders en die Heerser oor al die koninkryke van die nasies.
- Hy pleit op die verbond wat die Here met hulle opgerig het.

- Hy lê die nood van sy volk aan die Here voor.

Dan gebeur daar verstommende dinge.

- Die Gees van die Here kom op 'n Leviet wie se naam Jahasiël is.
- Hy gee die antwoord van die Here op Josafat se gebed.

Die Verbondsgod antwoord dat Josafat hom nie hoef te bekommer nie.

- Hierdie ding is nie Josafat se saak nie, dis die Here se saak.
- God hou die verbond waarop Josafat gepleit het, in stand.

Die Here laat weet dat Josafat en die stam van Juda nie eers hoef te veg nie. Hulle sal net die redding wat die Here gee, sien!

- Dankbaar het die koning en die volk voor God gebuig,
- terwyl die Leviete met psalmsang die Here geloof het vir sy belofte van hulp!

Die Here God het dadelik die redding bewerk.

- Die Here het gemaak dat die drie volke wat teen Josafat opgetrek het, daardie nag rusie gekry het.
- Die spul het toe so rof aan die baklei geraak dat hulle mekaar tot op die laaste man toe uitgeroei het. Daar het nie een oorgebly nie.
- Josafat-hulle het drie dae lank buit weggedra – so groot was die seën van die Here oor hulle.

Hulle het dadelik weer erediens gehou – en die plek ook sommer na hulle dankdiens vernoem: Lofdal.

In hierdie stuk geskiedenis werk ons met meer as geskiedenis.

- Ons moet onthou dat die volk wat hier optree, die Here se kerkvolk is.
- Hulle is die verteenwoordigers van die kerk in daardie tydvak.
- Die Here noem die kerk sy bruid en sy liggaam!

Besef u hoe daar in hierdie stuk genade-geskiedenis ook duidelike riglyne vir ons huwelike gegee word?

As ons in ons belydenis gaan lees wat die Here alles te sê het oor die huwelik, kry ons daar net 'n klomp negatiewe dinge. Almal van hulle is ongelukkig waar – maar dit beklemtoon net die lelike sondes wat getroudes doen.

Waar begin ons huweliksellendes? Dit begin wanneer daar afstand kom tussen ons en die Here. Dis waar dit begin.

- Hierdie stuk geskiedenis leer wat ons vooraf moet doen – sodat al daardie sondes nie in ons lewens voorkom nie!
- Die duiwel sal altyd met allerhande snaakse dinge in 'n huwelik na vore kom en egpare aanval.
- Hy moet, want elke huwelik is vir hom die simbool van die liefdesverhouding wat bestaan tussen God en sy kerk.

Daarom lê daar in die aanval van hierdie drie volke op Juda iets simbolies hiervan. Wat moet ons doen as ons huwelik bedreig word?

- Ons moet alles los en saam na God toe gaan en gaan hulp soek.
- Doen ons dit? Die antwoord is: Nee! Ons doen dit bitter min.

Ons doen dit wat Josafat nie gedoen het nie!

- Ons doen gevegsbeplanning.
- Ons maak rusie en bou haat op en gaan hof toe en land in 'n egskeiding – vervreem van mekaar.

Ons vertrou nie op die Here nie, want vergewing van sondes en bekering beteken dikwels vir ons dat ons ons houvas op die situasie en op die ander party gaan verloor!

Hier is die pad:

- Gaan al twee saam en gaan vra God se hulp.
- Beroep julle op die Here se genadeverbond wat Hy met julle al twee gesluit het.
- Pleit by Hom om genade.
- Dan herstel die Here dit wat stukkend is.

Die belangrike beginsel is duidelik:

- Gaan verootmoedig jou voor die Here – soos Josafat en die volk!
- Los die geveg en die oorwinning vir die Here.
- Hy het vir Josafat laat weet dat al daardie dinge sý afdeling is.

Wanneer Hy ons help en van binne af heelmaak, is ons soos Josafat wat drie dae lank kan loop en geskenke bymeekaarmaak sonder dat ons daarvoor geveg het.

Kom ons lees ter wille daarvan wat ons belydenis (Heidelbergse Kategismus Sondag 41) van die sewende gebod te sê het. *Ons doen dit om weer onder die indruk te kom van die sondes wat vir ons loer as ons nie hierdie pad van verootmoediging en aanbidding wil loop nie:*

Vraag 108: Wat leer die sewende gebod ons?

Antwoord: *Alle onkuisheid is deur God vervloek (a), en daarom moet ons dit hartgrondig haat (b). Daarenteen moet ons kuis en ingetoë lewe (c) sowel binne as buite die huwelik (d).*

(a) Lev 18:28. (b) Jud 1:23. (c) 1 Tess 4:3-5. (d) Heb 13:4; 1 Kor 7:7.

Vraag 109: Verbied God in hierdie gebod niks meer as net egskeiding en sulke skandes nie?

Antwoord: *Omdat beide, ons liggaam en siel, 'n tempel van die Heilige Gees is, wil God dat ons al twee rein en heilig bewaar. Daarom verbied hy alle onkuise dade, gebare, woorde (a), gedagtes, luste (b) en alles wat 'n mens daartoe kan verlei (c).*

(a) Ef 5:3, 4; 1 Kor 6:18, 19. (b) Matt 5:27, 28. (c) Ef 5:18; 1 Kor 15:33.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 15-2:3 (38:3)

- 3 O, luister na My as Ek roep – / dit is die roepstem van die Gees.
Al wie 'n oor het, laat hom hoor / dat jy my bruidskerk weer kan wees.
Aan die oorwinnaar in die stryd / gee Ek die lewensvolle spys,
die altyd-nuwe vrugte van / die keurboom in Gods paradys.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 25 Oktober 2009